

SENDINGFEES

Sending is primêr en geheel en al die werk van die drie-enige God - Skepper, Verlosser en Heiligmaker - ter wille van die wêreld, en die kerk is bevoorreg om deel daarvan te wees.

Opsommend: Sending is...

God se genadewerk teenoor die wêreld wat Hy geskep het en steeds liefhet, want...

God voel vir die wêreld!

Wat is die aandeel van die kerk met Sending? **ALLES!**

As die kerk dit nie doen nie; Wie anders?

Die kerk het die verantwoordelikheid en voorreg om die Goeie Nuus van ons Verlosser, Jesus Christus, die Here, die enigste Naam waardeur alle mense gered kan word¹⁵, met ander te deel. Om so deel te hê aan die herstel van die stukkende wêreld waarin ons leef, die resultaat van die sondeval. So neem die kerk deel aan die herstel van die nuwe koninkryk van God; Om die Koning weer terug op die troon te plaas.

Sending is nie maar net nog 'n program van die gemeente nie. Dit behoort in die hart van die gemeente se aktiwiteite te staan en deel van die wese van die gemeente te wees. Die gemeente is die draer en beskermmer van die Waarheid; Maar... dié Waarheid moet sekerlik êrens heen geneem word. 'n Gemeente en 'n kerk wat ophou evangeliseer se foute sal op banale wyse die een of ander tyd wys. 'n Kerk wat waarlik evangeliseer se "onbeholpenhede" sal lank verduur en versag word. (Hanekom)

Of selfs nog meer eenvoudig gestel: *Sending is maar net om die plek waar ons as bedelaars die brood gevind het ook vir ander bedelaars te gaan wys.*

Sending is God se genadewerk teenoor die wêreld. Ons, die kerk, het dit verniet ontvang; daarom mag ons dit nie vir onself hou nie. **Gaan gee dit weg!**

¹⁵ Hand. 4:12; Joh. 14:6

(Bostaande geneem uit "JA vir Sending" deur Chris Visser)

1. Lees eers bostaande saam as groep.
2. Wie is die outeur van sending/uitreik/getuienis?
3. Wil God vandag nog ons as Sy kinders, ons as Sy kerk gebruik?
4. Mag ons God se genade vir onself hou? Wat sê die Bybel hieroor?
5. Hoe kan die Omgeegroep/die gemeente nog meer die goeie nuus van verlossing in Jesus Christus alleen uitdra?
6. Bid asb vir die sendelinge en sendinggebiede waar Rietf-Suid help.